Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, January 23, 2022

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Voorlopige belasting: Dís wie moet betaal

## As jy bykomende inkomste verdien, is dit jou voorland

Voorlopige belastingbetalers (natuurlike persone) het nog net tot 31 Januarie tyd om hul tweede voorlopige opgawe vir die 2022-belastingjaar in te dien. Die belasting vir die jaar is betaalbaar voor einde Februarie.

**Is jy 'n voorlopige belastingbetaler?**

Dit sal sinvol wees om vinnig seker te maak. Voorlopige belasting kan 'n slaggat wees, selfs vir diegene wat 'n salaris verdien en wie se belasting maandeliks deur hul werkgewers betaal word.

Die ruimte hier is te beperk vir 'n volledige tegniese uiteensetting van voorlopige belasting. Ek wil eerder fokus op hoe om hierdie belastingslang van jou geldlyf af te hou.

Maar vir diegene wat meer soek, gaan kyk gerus na paragraaf een van die vierde skedule van die Inkomstebelastingwet (58 van 1962) vir 'n definisie. Hier is hoe dit seker die meeste lesers raak, wat natuurlike persone is.

Basies kom dit daarop neer dat as jy enige inkomste anders as jou salaris of vergoeding (waarop jy inkomstebelasting betaal soos wat jy dit verdien) ontvang, jy jouself moet regmaak om as 'n voorlopige belastingbetaler beskou te word. En dit sluit beleggingsinkomste - en wie het nie beleggingsinkomste nie? - sowel as die verhuring van eiendom in.

Of as Jan Taks vir jou sê jy is 'n voorlopige belastingbetaler.

Die net is dus baie wyd. Maar jy is nie 'n voorlopige belastingbetaler as jy nie inkomste uit 'n eie saak kry nie, of jou belasbare inkomste onder die belastingdrempel is. Dit is R87 000 as jy onder 65 jaar oud is, R135 150 tussen 65 jaar en 75 jaar en R151 100 as jy ouer as 75 jaar is. Of jou belasbare inkomste uit beleggingsgroei of die verhuring van eiendom is minder as R30 000 in die jaar.

Die beleggingsgroei in 'n uittree-annuïteit is totaal vrygestel hiervan (lees my rubrieke van die afgelope twee Sondae hieroor), asook die groei in 'n belastingvrye spaarproduk.

**Wat is voorlopige belasting?**

Dit is bloot inkomstebelasting wat betaalbaar is twee keer per jaar op daardie inkomste wat nie binne die Lopende Belastingstelsel (LBS) gevorder word nie. Jy kan dus 'n salaristrekker wees, van wie maandeliks belasting op jou vergoeding gehef word, en steeds as voorlopige belastingbetaler moet registreer as jy ander inkomste (soos beleggingsinkomste bo die R30 000-perk) het.

Voorlopige belasting is nie 'n ander soort belasting nie. Dit is doodgewone inkomstebelasting, maar 'n manier van invordering, anders as die LBS, sodat die Ontvanger van Inkomste kan seker wees dat hy sy deel uit jou verdienste kry. Dit is ook tot voordeel van jou, sodat jy nie onkant betrap word aan die einde van die belastingjaar met 'n yslike belasting wat jy moet inbetaal nie.

Dit werk so vir natuurlike persone met 'n belastingjaar wat strek van 1 Maart tot 28 Februarie.

Die eerste betaling moet gedoen word teen einde Augustus van 'n betrokke belastingjaar en die tweede betaling teen einde Februarie. In uitsonderlike gevalle kan 'n derde betaling gedoen word teen einde September van die daaropvolgende jaar.

Die berekening word gedoen, net soos wat 'n gewone belastingberekening gedoen word, met toegelate aftrekkings en kortings, asook belasting reeds betaal (byvoorbeeld deur LBS) en dan deur twee gedeel vir die eerste inbetaling. Dit is gegrond op jou eie skatting van jou hele jaar se inkomste. Of deur gebruik te maak van die "basiese bedrag" wat deur Jan Taks self vir jou gegee word. Die "basiese bedrag" is gegrond op inkomste uit vorige jare.

Die tweede opgawe in Januarie is meer van 'n uiteindelike opgawe en die tweede inbetaling is gegrond hierop. Minus natuurlik belasting reeds betaal.

**Waar lê die risiko?**

Goed, ek hoop lesers het tot hiertoe reeds 'n prentjie begin vorm van waar die risiko van voorlopige belasting vir hulle lê. Ek sal tog maar weer klem daarop plaas.

As jy 'n tweede huis, of 'n woonstel aan jou huis, of 'n kamer in jou huis het wat jy verhuur, is voorlopige belasting jou voorland. As jy bykomende inkomste verdien, of dit nou uit die verkoop van koeksisters of tuinwerk is, of van 'n werkgewer wat nie as 'n werkgewer geregistreer is nie, dan is voorlopige belasting jou voorland.

En die een wat misgekyk word, of soos ekself ervaar het van iemand wat tot in daardie stadium my kliënt was, uit domastrantheid doelbewus misgekyk word, is buitelandse inkomste.

Sedert 1 Maart 2020 is net die eerste R1,25 miljoen wat as 'n salaris verdien word in die buiteland vrygestel van inkomstebelasting (art 10(1)(o)(ii) van die wet). Die res is belasbaar.

En omdat dit nie ingevolge die LBS gevorder kan word nie, moet Suid-Afrikaners wat in die buiteland werk as voorlopige belastingbetalers registreer en soos die ander van ons hier voorlopige belasting betaal.

Ek sien dat hier nog lang trane gehuil gaan word as Jan Taks behoorlik gaan toeslaan en agterstallige belasting begin hef met rente daarop. Maar dit is 'n storie vir 'n ander dag.

My raad vandag is om binne die raamwerk van wat ek hierbo skryf, jou belastingsake in orde te kry as jy ander inkomste het.

Tyd is min om dit nog in hierdie jaar te doen.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.